STANDERTON AKADEMIE

# Die Byekorf

34/22
22 November 2017

Geagte Ouers,

Die jaar loop nou spoedig ten einde.  Baie dankie ouers vir u toegewydheid met die kinders se studies in hierdie tyd.  Dit gaan goed met ons kinders en ons moedig u aan om deur te druk tot die laaste dag.  Dit is ook môre  ons skool se jaarlikse Dankseggingsdiens.

Alle ouers word genooi om hierdie dag te kom bywoon.  Dit is ons skool se manier van dankie sê aan ons Skepper vir genade en seën ontvang die afgelope jaar.  Die diens begin stiptelik om 08:00.

Groete,

S. Swanepoel

## Standerton Akademie
## Dankseggingsdiens

2017

STANDERTON AKADEMIE
GEANKER IN GELOOF






'n Generasie van 4 Hoofdogters by die Prysuitdeling

Graad R Leerlinge spog met hulle kunswerke!!



# Skoolfonds 2018.

Na afloop van die laaste O.R. vergadering is die nuwe skoolfooie vir 2018 as volg bepaal.


| **SKOOLFONDS: Graad** | **Per Leerling Per Maand** |
|---|---|
| 3 – 5 jariges<br>Gr 0 – Gr 7 | R1 200-00<br>R1 500-00 |

| **Inskrywings Nuwe Leerlinge** | **Per jaar** |
|---|---|
| 3 jariges – Gr 7 | R650-00 |

| | |
|---|---|
| **BCVO Regsfonds** | R250-00 nuwe leerlinge per jaar Vanaf Gr 0 |

| | |
|---|---|
| **BCVO Heffings** | R150-00 Per maand vanaf Gr 0 |

| **BOEKGELDE Per jaar** | |
|---|---|
| 3 – 5 jariges | R 750-00 |
| Gr 0 – Gr 7 | R1 400-00 |



| **SKOOLKLERE** | |
|---|---|
| Langmou Trui | R200-00 |
| Pull-Overs | R180-00 |
| Dasse | R 80-00 |
| Wapens Hempies | R 40-00 |
| Wapens Baadjies | R 60-00 |
| Sweetpak | R440-00 |
| Gholfhempies | R100-00 |
| Atletiekklere | R230-00 |
| Dik Winterbaadjies (Dry-mac) | R350-00 |



**O.R. Verkiesing – 2018**

Ouers neem asseblief kennis dat die sluitingsdatum vir alle nominasies op 1 Desember 2017 is. Ons moedig ons ouers aan om asseblief hulle stemme uit te bring deur mense te nomineer.

Let wel, mense moet genomineer word in die onderskeie portefeuljes.

Die portefeuljes is as volg:

- Finansies
- Bemarking
- Fondsinsameling
- Sport
- Kultuur
- Terrein en geboue

# KALENDER 2017

| DATUM | TIPE DAG | BESKRYWING |
|---|---|---|
| **23 November 2017** | **Dankseggingsdiens** | Begin om 8 uur by die skoolsaal |
| **1 Desember 2017** | **Rapporte** | Kleuterskoolleerlinge ontvang rapporte |
| **6 Desember 2017** | **Rapporte** | Laerskool ontvang rapporte |

**Kalender 2018**

Sien asb. môre die kalender vir 2018. Ouers, hierdie kalender se datums sal stiptelik probeer nagekom word. Die kalender is egter onderhewig aan veranderinge. (Ek hou u op hoogte)

**Atletiekbeamptekursus**

Aangesien die getalle nie die kostes van die naweek se kursus dek nie sal hierdie kursus ongelukkig nie meer die naweek aangebied word nie. Let op die kalender van 2018 dat daar wel 'n kursus aangebied word op 20 Januarie 2018 in Pretoria.

**Projek vir minderbevoorregte kinders**

Ouers, u kan nog steeds tot 1 Desember 2017 jul bydraes by Daleen de Bruyn kom aflewer. Ons doen regtig 'n beroep op u om hierdie projek te ondersteun. Alle skenkings word deur Daleen bestuur en gekanaliseer na die minderbevoorregte kinders in 'n baie arm gemeenskap. Die produkte word gegee aan die Pottebakkershuis in Witbank.

# verjaarsdae

Lekker verjaar!




## BAIE GELUK!!!

aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf

***17 – 28 NOVEMBER 2017***

verjaar! Mag u baie Seëning beleef!

## Kinders

28 November : Niane Grobler

## Ouers

17 November : Vic Hancke

# Gedagte vir die week....

n Gebed vir vandag!!!
Pragtige Gebed...
Hou my styf vas Here, wanneer my voete gly.
Hou my vas Here, as ek op verkeerde paaie bly.
Troos my, Here, wanneer die trane vryelik vloei.
Genees my hart, Here, wanneer my hart bloei.
Hou my geselskap wanneer ek eensaam voel....
Gee sekerheid as ek dink die lewe is sonder 'n
doel. Wees U my Vriend as mense my verlaat.
Wees U my wysheid as ek soek na goeie raad.
Wees U my geneesheer as ek siek is & vol pyn.
Wees U my kragbron as my kragte begin kwyn.
Wees U my anker as die vloed my mee wil sleur.
Die Gare wat vaswerk as my lewe uitmekaar
skeur.
Wees U my stut wanneer ek op moeilike paaie
loop. Wees U my Vertroue as ek voel daar is
geen meer hoop. Duisend maal dankie, Here, dat
ek dit van U mag vra.
Duisend maal dankie, Here, dat U my deur alles
dra.
Amen!!!

*Moenie bang wees nie,*
Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie,
Ek is jou God.
*Ek versterk jou,*
ek help jou, Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou

Jesaja 41:10

LiefGodGrootliks



# CVO Skool Pretoria

Tel: 083 636 6070/083 636 6098

E-pos: kantoor@cvopretoria.co.za

Selnr: 083 633 9370

Posbus 75385, Lynnwoodrif, 0040

*Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE – Spreuke 9:10*

20 November 2017

## ATLETIEKKLINIEK - 20 JANUARIE 2018 TE CVO PRETORIA

Goeiedag alle CVO skole

CVO Pretoria, onder leiding van Mnr Phlip van Vuuren, bied op 20 Januarie 2018 by CVO Skool Pretoria 'n atletiekkliniek aan waar gespesialiseerde afrigting in verskeie items deur kundiges aan ons kinders beskikbaar gestel word. Die volgende items sal gedek word (met die name van die afrigters wat die aanbieding sal behartig daarna vermeld):

1. Langafstande - Gerrit Woest
2. Hoogspring -Riaan Davel
3. Spiesgooi - Christien v.d. Merwe
4. Gewigstoot - Burger Lampbrechts
5 Diskus - Arno Lampbrechts
6. Turbospies - Jaques Oosthuizen (voorlopig)
7. Verspring - Sone Pretoruis (voorlopig)
8. Naellope - Phlip J.van Vuuren

Die koste per atleet is R80. Daar is 3 sessies, met n keuse van 3 items.

Voorlopige program is as volg:

1.Inskrywings met betalings vind plaas vanaf 06h30

2.Opening – 08h00

3. Bekendstelling van afrigters – 08h10

4. Opwarm van atlete (08h20 - 08h45)

5. Sessie 1 - (08h45 – 09h45)

Die aanvangstye van die daaropvolgende sessies sal bepaal word met inagneming van beskikbare tyd, sowel as die geleentheid vir die atlete om net so vinnig te kan asem skep of iets te ete of te drinke te kan inneem. Daar word beoog dat daar nie later nie as 12h00 afgesluit sal word.